

27 Januarie

Skrifgedeelte: Spreuke 4 (OAV)

Fokusgedeelte: Spreuke 4:23

Hou wag oor jou gedagtes

Wat is die mens? Dit is 'n vraag waaroor mense al baie diep nagedink het. Sommige mense sê die mens is wat hy eet. Jy bestaan uit 68% water, 20% koolstof, 6 % suurstof en 4% ander bestanddele. Ander sê die mens is wat hy voel, wat beteken dat jou gevoelens jou lewe beheer en bepaal. Wat is die mens?

Die Bybel leer ons dat die mens die kroon van God se skepping is, skaars minder as 'n goddelike wese (Ps 8). Salomo sê die mens is wat hy dink! Soos jy dink, so voel jy, so leef jy en so tree jy op. Jou gedagtes vorm die sentrum van jou hele lewe.

Salomo gee aan ons 'n opdrag: "Bewaak jou hart." Pas jou hart op, of hou oor jou hart die wag soos 'n soldaat wat op wag staan. Jy mag jou waaksaamheid vir geen oomblik verslap nie, want dan gebruik die vyand die geleentheid om jou aan te val. Waarom moet jy jou hart so goed oppas? Salomo sê: "... want daaruit is die oorsprong van die lewe." In die Bybel is jou hart nie net 'n orgaan wat bloed pomp nie, maar die sentrum, die beheerkamer van jou hele lewe. Jou hart is die oorsprong van jou gedagtes en emosies.

Hier lê ons probleem. Jou gedagtes is ligter as 'n veertjie. Die geringste luggie waai hulle by die venster uit op paaie waarop jy dit dikwels nie wil hê nie. Trouens, alle sonde begin met 'n gedagte. Jakobus waarsku dat die sonde soos 'n saadjie in jou is wat net wag op die regte omstandighede om te ontkiem. Jy begin om negatiewe gedagtes in jou hart te koester en dit beïnvloed alles wat jy doen en dryf almal van jou af weg. Dit verwoes ook jou verhouding met God. In plaas daarvan dat jy sy genade raaksien, sien jy net die swaarkry op jou pad. In plaas daarvan dat jy Hom blindelings vertrou, verdink jy Hom van ontrou.

Salomo waarsku dus: "Bewaar jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorsprong van die lewe."

Sing: Psalm 25:2 Ds AP Krüger (Boksburg-Suid)